higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## KUNSGESKIEDENIS N6

**24 MEI 2019**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Dosente moet in gedagte hou dat Kunsgeskiedenisvraestelle nie volgens die inhoud van 'n bepaalde handboek nagesien moet word nie.

2. Verskeie handboeke kan geraadpleeg word. Anders is ander vakke, is daar geen feitelike memorandum nie. Die nasiener moet dus die student se interpretasie en argumente beoordeel.

3. Die nasiener moet oor 'n deeglike kennis van die vak beskik, en oop wees vir wat studente in hulle antwoorde skryf.

4. Studente moet AL die vrae in AFDELING A (140 punte) beantwoord maar slegs DRIE vrae in AFDELING B (60 punte) beantwoord. Totaal = 200.

**LET WEL:** In AFDELING A moet nasieners antwoorde met dieselfde of amper dieselfde verduidelikings of opinies aanvaar. Ken punte toe as ŉ gedagte of sin goed gestruktureer, oordeelkundig en oortuigend is.

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 1.1.1 Die kunswerk is saamgestel uit hergebruikte plastiekpop-onderdele. Die onderdele is in kleiner stukke gesny en in verskillende patrone geplak om die figuur te maak. Die vernietigde onderdele is dus saamgevoeg om iets nuuts te maak. Dit is moontlik dat sy die onderdele eers opgesny en toe op 'n struktuur of raamwerk geplak het. Die onderdele van die oorspronklike plastiekpoppe is hergebruik om 'n nuwe liggaamsdeel, soos 'n hand, of hare van te maak. Die stukke pas soos 'n legkaart inmekaar. (4)

1.1.2 Asimmetriese balans word bewerkstellig met die groot voorwerp/figuur links (van agter gesien) en die ligte, klein voorwerp die had met die slimfoon regs. Die klein voorwerp of hand vorm 'n teenhanger vir die figuur wat effens na agter leun. (2)

1.1.3 Die gesig vorm die fokuspunt omdat die lyne van die liggaam en die tekstuur van die hare die kyker se oog daarheen lei. Die komposisie is gebalanseerd: die asimmetriese komposisie bestaan uit die groot voorwerp/figuur aan die een kant en die klein voorwerp/hand aan die ander kant. Die negatiewe ruimte tussen die figuur en die hand vorm 'n integrale deel van die beeldhouwerk. Die herhalende diagonale lyne en patrone verleen beweging aan die komposisie en maak dit dinamies. (4)

1.2 Titel: Laat jou hier deur studente se kreatiwiteit lei.
Betekenis: 'n Artistieke verkenning van die verband tussen die verbruikersamelewing en 'n kultuur van gewone en opwaartse hergebruik of herwinning. Hierby word die gedagte van die selfie opgeroep, en die assosiasies wat die woord "selfie" oproep, soos selfgerigtheid en selfbeheptheid. (Enige toepaslike antwoord) (2)

**[12]**

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1 Illustrasie B: Die tegniek is as gevolg van die sterk kwashale en impasto-skildertegniek meer uitdrukkingsvol. Skel, onvermengde kleure is in die blou baadjie en oranje baard gebruik. In C is die aanwending van die verf plat, vereenvoudig en is die monochrome okers en bruine met sorg geskakeer. (2 + 2) (4)

2.1.2 Omdat hulle dieselfde ruimtes en vorms bevat, stem die komposisies ooreen. Al twee kunstenaars loer om die doek en skilder hulleself. In B val die lig van agter op die figuur, want Van Gogh se gesig en die voorkant van sy baadjie is in skadu gehul. In B gebruik die kunstenaar sy palet as voorgrond en bewerkstellig daarmee balans. Die portret in C vertoon minder toon/kontras omdat die lig van alle kante af ewe helder val. (2 + 2) (4)

2.1.3 B is meer uitdrukkingsvol en dramaties as gevolg van die opsigtelike merke en sterk kleure. C is gefokus maar somber en treurig omdat die kleurgebruik monochroom is. Albei lyk gekweld. (1 + 1) (2)

2.2 Wees oop vir studente se eie interpretasie en motivering. (Enige toepaslike antwoord.) (2)
**[12]**

**VRAAG 3**

3.1 Lineêre perspektief in die heining op die voorgrond en die wykende lyne van die katedraal op die agtergrond.
Lugperspektief – meer detail/tekstuur in die plante en diere op die voorgrond as op die agtergrond; sommige figure, voorwerpe en bome is voor ander geplaas. Die koel kleure van die lug vorm 'n teenstelling met die warm kleure op die voorgrond. (Enige toepaslike antwoord) (4)

3.2 Die stormagtige lug en reënboog oor die katedraal maak die gebou die fokuspunt van die skildery. Ook die titel verklap dat die katedraal die belangrikste voorwerp in die skildery is. Party studente kan die wa en perde noem en redes daarvoor gee (dit hang ook af van hoe duidelik die afdruk is). Ligstrale wat plek-plek deur die wolke breek, laat dit lyk of 'n kollig op die een hoek van die katedraal gerig is. Lig wat op die water weerkaats, vorm 'n teenstelling met die onstuimige lug. Die donker area links van die groot boom vorm 'n teenstelling met die donker area op die voorgrond regs. Afwisselend ligte en donker areas lei die oog van die kyker dwarsdeur die hele komposisie. (Enige toepaslike antwoord) (4)
**[8]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4**

4.1 Onwaar. Studente kan moontlik aanvoer dat albei werke uniek en daarom tegnies goed is. Sommige mag dink dat E die beste is omdat die verhoudings daarin korrek is. Wees oop vir geldige, gemotiveerde argumente.

4.2 Onwaar. Al twee kunswerke het emosionele eienskappe. E is meer verwring en die figure is komies maar op ’n manier weersinwekkend. Die verhoudings in F is meer realisties. Helder kleure en die houding van die seuntjie maak die werk speels en opgewek.

4.3 Onwaar. Die verhoudings is akkuraat en nie verwronge nie. Die seuntjie is rustig en staties.

4.4 Onwaar. Daar word algemeen aanvaar dat enige soort materiaal in eietydse kuns gebruik kan word. Buitengewone materiale versterk immers die betekenis van die konsep.

(4 × 2) **[8]**

**VRAAG 5**

5.1 Byvoorbeeld, Manet se *Déjeuner sur l'herbe* (*Middagete op die gras*). Studente moet noem dat helder lig en donker areas gebruik word om vorm te gee; dat die kwashale los is, en dat gewone mense destyds hoogs onkonvensionele onderwerpe was.

**OF**

Byvoorbeeld, Degas se *Die repetisie* of enige ander werk. Die kunstenaar se invloed op komposisie, die dramatiese ligeffekte en tonele uit die daaglikse lewe. (Enige toepaslike antwoord) (8)

Studente moet Pissarro, Sisley, Renoir of Monet as kunstenaar noem. As Manet gekies is, kan *Indruk van 'n sonsopkoms*, *Die katedraal van Rouaan*, *Die Saint-Lazare-stasie* of enige ander skildery van Manet ook genoem word.

(Enige toepaslike antwoord) (12)

**[20]**

## VRAAG 6

6.1 Studente moet Van Gogh kies. Sy skilderye word gekenmerk deur sterk simboliek, uitdrukkingsvolle kleurgebruik en verwringing. Die skilderye van Gauguin, daarenteen, word gekenmerk deur vereenvoudigde en simboliese vorm- en kleurgebruik met 'n sterk godsdienstige en filosofiese inslag. *Die nagkafee* of *Die sterrenag* is twee werke van Van Gogh. (10)

6.2 Cezanne het 'n wiskundige benadering gevolg om die onderliggende strukture in die natuur vas te stel, en om kleur en vorm op 'n innoverende manier te gebruik. Byvoorbeeld: *Le Mont Sainte-Victoire* of enige ander relevante skildery. Studente moes die volgende genoem het: sy analitiese styl; 'motief'; eienskappe van die lyne, vlakke en kleure in sy skilderye en dat hulle onderling met mekaar verband hou; dat hy natuurlike voorwerpe tot eenvoudige vorms gereduseer het, soos die kubus, silinder, sfeer en kegel; en dat die voorgrond en agtergrond in sy skilderye ewe belangrik is. (10)
**[20]**

## VRAAG 7

Hierdie stelling moet dien as vertrekpunt vir 'n uitvoerige bespreking van EEN fauvistiese kunswerk van óf Matisse óf Derain. Ken punte toe vir 'n bondige bespreking van die agtergrond, definisie en ontstaan van die term "fauvisme" (hoogstens 4 punte). Die kenmerke van die fauvisme moet bespreek word met vermelding van skilderye soos *Madame Matisse*, *Die rooi kamer*, *'n Vrou met 'n hoed op* of enige ander skildery van Derain.

Die student moet noem dat vorms vereenvoudig word, lukrake en plat kleure aangewend word om ruimte te skep, en dat voorwerpe dik omlyn word. Die student moet die eienskappe van hierdie beweging beskryf deur verteenwoordigende skilderye te ontleed. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

## VRAAG 8

Studente kan 'n ander verteenwoordiger van Die Brücke kies of anders kan hulle Marc of Kandinski as verteenwoordigers van Die Blou Ruiter kies. In hulle ontleding van die toepaslike kunswerke moet studente die kenmerke van elke ontwikkelingstadium noem, asook die filosofiese verskille tussen die twee vertakkings as hulle 'n kunstenaar van Die Blou Ruiter kies. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

## VRAAG 9

Vroeë kubisme: stylinvloede soos die werk van Cezanne, primitiewe kuns, verwerping van die bekende werklikheid. Byvoorbeeld, *Les demoiselles d'Avignon* (Cezanne-fase)
Analitiese kubisme: Verwerp tradisionele benaderings tot ruimte en komposisie: drie dimensies op 'n tweedimensionele oppervlak en 'n wiskundige benadering tot komposisie. Byvoorbeeld, *Die Portugees* van Braque.
Sintetiese kubisme: Pas plakskildery- oftewel collage-tegnieke toe deur allerhande voorwerpe, bedrukte koerantpapier of materiaal op hulle doeke te plak. Byvoorbeeld, *Stillewe met stoelvlegwerk* van Picasso. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 140**

## AFDELING B

Beantwoord DRIE van die volgende vrae:

### VRAAG 10

Die student moet die stylkenmerke van die futurisme beskryf deur die werk van TWEE of meer futuristiese kunstenaars te bespreek, soos Boccioni, Marinetti, Balla of Severini. Die student moet die agtergrond en die futuristiese manifes of die rede vir hierdie nuwe kunsrigting aantoon. Historiese, geografiese, godsdienstige, ekonomiese of enige ander invloede kan ook genoem word. Die verheerliking van oorlog en spoed met spesifieke voorbeelde kan as invloede genoem word. Die student kan ook meld dat futuristiese kunstenaars verskillende materiale en tegnieke aangewend het. Hierby moet die student die toepaslike kenmerke noem met vermelding van spesifieke kunswerke. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**EN/OF**

### VRAAG 11

Studente moet die werk van Malewitsj bespreek, byvoorbeeld *Suprematist Composition: Airplane Flying*, 1915. Hulle kan ook meer as een werk noem. Studente moet die agtergrond van en invloede op hierdie kunstenaar of beweging bespreek. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**EN/OF**

### VRAAG 12

Studente moet minstens TWEE van Mondrian se werke bespreek om hulle ontleding van die kenmerke van De Stijl te staaf. Hierby moet hulle die agtergrond en ontstaansgeskiedenis van De Stijl bespreek. Die volgende kenmerke moet genoem word: 'n Poging om ná die vernietiging van die Eerste Wêreldoorlog standvastigheid te bring en die orde te herstel; slegs horisontale en vertikale swart lyne wat met die hand geverf is; alleen die drie primêre kleure word gebruik: rooi, blou en geel; natuurlike vorms word tot 'n reghoek of vierkant gereduseer; komposisies is goed gebalanseer; en die skilderkuns word wiskundig benader. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**EN/OF**

### VRAAG 13

13.1 Daar heers 'n meningsverskil oor hoe die beweging aan sy naam gekom het. Sommige beweer dat die Oostenrykse kunstenaar Richard Huelsenbeck 'n Frans-Duitse woordeboek met 'n mes wou deurboor het, en dat die mespunt by die woord 'dada' vasgesteek het. 'Dada' beteken 'stokperdjie' in Frans, en veral kleintjies wat leer praat, gebruik dié woord. Juis die kinderlike en byna absurde assosiasies van die woord het na bewering groot byval by die verteenwoordigers van hierdie beweging gevind. Ander bespiegel weer dat die woord gekies is omdat dit dieselfde of hoegenaamd niks in enige taal kan beteken. Dit weerspieël dus dat die dadaïsme 'n internasionale beweging is. (Enige toepaslike antwoord) (6)

13.2 Duchamp se kunswerke kan klaar gemaakte stukke insluit soos: *Fontein*, klaar gemaakte hulpkunswerke, *LHOOQ*, seksmasjiene/meganiese kunswerke; *Groot Glas*, mobiele; werk wat toevallig geproduseer is, byvoorbeeld *Bottelrak*, *Naakfiguur wat by 'n trap afstap*, of enige ander relevante werk. In hulle besprekings van hierdie kunswerke moet studente die kenmerkende eienskappe van dada noem. (Enige toepaslike antwoord) (14)

**[20]**

Kopiereg voorbehou 

**EN/OF**

**VRAAG 14**

Die werk(e) van TWEE kunstenaars, onder wie Dali, Ernst, Magritte, Masson of Miro, moet genoem word. Studente moet die kenmerke van die surrealisme in hulle bespreking van die kunswerke noem. Hulle moet die twee strome in hierdie beweging kortliks bespreek, naamlik die naturalistiese surrealisme (herkende tonele wat in drome of nagmerriebeelde verander) en biomorfisme of outomatisme (die skepping van kuns sonder enige bewuste beheer). Studente kan meer invloede noem of uitwei oor die invloed van Freud en die onderbewuste. Melding moet gemaak word van verskeie tegnieke wat die surrealiste aanwend (tegnieke is trouens een van die kenmerke), soos outomatisme, toeval, vrywery en skuurdery ('frottage'), outomatiese tekenwerk, en so meer. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**EN/OF**

**VRAAG 15**

Bespreek hierdie TWEE groepe of style deur die werk van Jackson Pollock en Willem de Kooning as beoefenaars van aksieskilderwerk te beoordeel. Die prosesse waarvolgens Pollock en De Kooning hulle skilderye maak, moet bespreek word. Die student moet Pollock se skeppingsproses beskryf. Hy het 'n skilderdoek op die grond uitgerol en verf daarop laat drup terwyl hy heen en weer daaroor geloop het. Pollock het ook die beste gedeeltes uit sy doeke uitgeknip. Hy het ook sy verf met sand gemeng. Die afmetings van sy skilderye is ook belangrik. Byvoorbeeld: *Lavender Mist* en *She-Wolf*. Vir De Kooning moet studente wys op sy lang kwashale, energieke verfaanwending, afskrapery, ruheid en intensiteit, asook die energieke manier waarop hy met 'n skilderdoek omgegaan het. Voorbeeld: *Vrouereeks*.

Vir kleurveldskilderwerk moet studente die werke van Rothko en toepaslike kunswerke soos Nr 14 noem. Hulle kon ook na Barnett Newman of Helen Frankenthaler verwys het. Studente moet melding maak van die tegnieke en die liriese en meditatiewe eienskappe in Rothko se werke. Kleur is die belangrikste betekenisdraer, groot en wasige vorms, en so meer. **[20]**

**EN/OF**

**VRAAG 16**

Studente moes die werke van TWEE kunstenaars, onder wie Close, Estes, Pearlstein of Hanson, genoem het. Enige ander kunstenaar is ook in orde. Hulle moes uitgewei het oor elk van die gekose kunstenaars se onderwerpkeuse en ook na die invloed van fotografie en fotografiese konsepte sowel as die reaksie teen abstrakte ekspressionisme verwys het. Studente kon ook die verband tussen fotografie en die massamedia genoem het. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**EN/OF**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 17**

Verteenwoordigers van Amerikaanse Pop Art was onder andere Warhol, Raushenberg, Johns, Rosenquest, Oldenburg en Lichtenstein. Studente kan ook na *What is it that makes today's homes so beautiful* van Richard Hamilton verwys het, of na Peter Blake of David Hockney van die Britse Pop Art-beweging, en 'n bespreking gegee het van enige kunswerk van die twee kunstenaars wat hulle bestudeer het. Omdat elke kunstenaar se tegniek en voorwerpe so uniek is, moet studente elke werk oordeelkundig kies en bespreek. Hulle kan ook meer as een kunswerk van hulle gekose kunstenaar noem. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**EN/OF**

**VRAAG 18**

Hoewel slegs Joseph Beuys (byvoorbeeld *How to Explain Pictures to a Dead Hare*) in die sillabus genoem word, moet studente toegelaat word om te kies uit landkuns, vertoonkuns oftewel kuns-in-uitvoering, nuwe media, rekenaargrafika, en so meer. Bruce Nauman, Kaprow, Kosuth en ander tel onder die bekende kunstenaars. Studente kon ook die invloed van Dada en die gebruiksklaar kunswerke van Duchamp bespreek het. (Enige toepaslike antwoord) **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOT TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou